Periferale speler

Die Proton is basies ’n Gen. 2-luikrug met ’n sedanbak, maar hierdie Maleisiër met sy Lotus-invloed bied selfs ’n verrassing of drie.

Foto’s: Duwyne Aspeling

Standaard-kenmerke	Proton Persona 1,6
Lugsakke	Voor
Veiligheid	ABS, EBD
Verkoeling	Lugversorger
Klankstelsel	Radio/CD/MP3
Sentrale sluiting	Ja
Alarm/immob	Ja
Togbebeer	Nee
Stuur-verstelling	Hoogte
Sitplekverstelling	Hand
Bekleding	Materiaal
Aantal sitplekke	5
Misligte	Voor/agter
Sondak	Nee
Sensors	Geen
Parkeerhulp	Agter
Ligte	Halogeen
Isofix-hegpunte	Ja
Elektriese hulp	Vensters/spieëls

Die eerste gedagte wat by jou opkom as jy aan Proton dink is dalk die gelyknamige sub-atomiese deeltjie waarvan jy daai bitter warm dag in die wetenskapklas op skool geleer het, maar nie veel aandag aan gegee het nie. Motorkenners weet egter Proton is die Maleisiese motorvervaardiger wat ook die grootste aandeel in die sportmotor-bouer Lotus het. Hierdie Lotus-verbintenis is net ’n goeie ding.

Die plaaslike modelreeks bestaan uit onder meer ’n bakkie (Arena), ’n B-segment driedeur-luikrug (Satria Neo), ’n AO-segment mini-luikrug (Savvy) asook ’n groter, vyfdeur C-segment luikrug (Gen.2). As jy nog nie een van hierdie motors gesien het of hulle juis ken nie, is ons nie te verbaas nie. Proton geniet van die laagste afsetsyfers van enige handelsmerk in die land, wat sleg beloof vir herverkoopwaarde.

Die Persona is laat verlede jaar by die Johannesburgse motorskou bekend gestel. Uit die meeste hoeke gesien is dit nie ’n onaantreklike motor nie. Plaas hom langs ’n volume-verkoper soos die Nissan Tiida of Ford se hersiene Ikon, en die Persona kan homself op die skouer tik. Voor is die profiel laag en die bak vertoon vaartbelyn-aërodinamies met geronde trekke regdeur.

Klim in en die eerste ding wat ons opgeval het, is dat die kajuit daar aantrekliker uitsien as wat ons verwag het. Ja, hier en daar lyk die afwerking ooglopend goedkoop, en die sitplekke se materiaal is duidelik intreevlak, maar daar is min om ernstig mee fout te vind (behalwe as jy die onbeklede bagasieruim oopmaak). Daar is vertikaal-gerangskikte kontroles vir die ventilasiestelsel terwyl die klankstelsel se kontroles uit klein knoppies bestaan en ’n klein ronde skermpie die radiostasie vir jou aandui. Die interaksie-kontroles kón groter en meer

BlitsGids	Proton Persona 1,6	Ford Ikon 1,6 Trend	Nissan Tiida 1,6 Visia +	VW Polo Classic 1,4 Comfortline
Enjintipe:	Gelid-4, petrol	Gelid-4, petrol	Gelid-4, petrol	Gelid-4, petrol
Verplasing:	1 597 cm³	1 596 cm³	1 598 cm³	1 390 cm³
Kragsyfers:	82 kW/148 Nm	74 kW/143 Nm	80 kW/153 Nm	62 kW/122 Nm
0-100 km/h:	11,48 sek.	11,3 sek.*	10,6 sek.*	12,4 sek.
Topsnelheid:	188 km/h*	180 km/h*	188 km/h*	176 km/h*
Verbruik:	6,6 ℓ/100 km*	7,9 ℓ/100 km*	8,9 ℓ/100 km*	6,9 ℓ/100 km*
CO_2-uitlate:	154 g/km*	184 g/km*	207 g/km*	166 g/km*
Basisprys:	R154 995	R148 990	R154 500	R154 600
Internet:	www.protoncars.co.za	www.ford.co.za	www.nissan.co.za	www.vw.co.za

* Vervaardigerdata

In dieselfde prysklas: Mazda2 1,3 Active (R144 870); Nissan Livina 1,6 Acenta (R149 500); Peugeot 207 XR Plus 1,4 (R149 600); Toyota Corolla 1,4 Professional (R169 800)
Met dieselfde bakstyl: Hyundai Accent 1,6 GLS HS (R155 900); Opel Astra 1,6 Essentia (R199 530); Chevrolet Optra 1,6 L (R169 100)

SPESIFKASIES	Proton Persona 1,6
	ENJIN
Silinders	Gelid-4, dwarsgemonteer
Brandstoftoevoer	Elektroniese petrol-inspuiting
Boor x slag	76 mm x 88 mm
Verplasingsinhoud	1 597 cm³
Drukverhouding	10,1 : 1
Klepgang	DBNA, 4 kleppe per silinder
	VERRIGTING
Maks. drywing ISO (kW)	82 kW @ 6 000 r/min
Maks. wringkrag (Nm)	148 Nm @ 4 000 r/min
	RATKAS
Ratte vorentoe	Vyfgang handrat
1ste rat	3,58 : 1
2de rat	1,95 : 1
3de rat	1,34 : 1
4de rat	0,98 : 1
5de rat	0,80 : 1
Trurat	3,42 : 1
Finale aandrywing	4,05 : 1
Dryfwiele	Voorwielaandrywing
Hulpmiddels	Geen
	WIELE EN BANDE
Padwiele	6,0J x 15 allooi
Handelsmerk	Goodyear Eagle NCT5
Bandgrootte	195/60 R15 88V
Noodwiel	Ruimtespaarder
	REMME
Voor	Geventileerde skywe
Agter	Soliede skywe
Veiligheidstelsels	Sluitweerremme met elektroniese
	remkragverspreiding
	STUUR
Tipe	Tandstang en kleinrat met hidrouliese
	kraghulp
Kant tot kant	2,75
Draaisirkel	10,8 m
	VEERSTELSEL
Voor	MacPherson stutte, teenkantelstaaf
Agter	Veelskakel, krulvere, teenkantelstaaf
	VERPLASINGSINHOUD
Sitplekke	5
Brandstoftenk	50 liter
Bagasieruim	424 - 1 096 dm³
	WAARBORG EN DIENSINTERVALLE
	3 jaar/60 000 km waarborg
	3 jaar/75 000 km diensplan
	Dienste (km): 15 000

Toetsnotas

FR: Afsetsyfers van enige van Proton se modelreekse is byna onbenullig klein, daar is slegs enkele handelaars in die groter sentra en herverkoopwaardes is laag. Hierdie negatiwiteite is 'n jammerte, want die Persona is eintlik 'n lekker gesinsmotor met al die basiese geriefskenmerke verpak in 'n aantreklike bak. Die enjin voel vir my traag, asof hy gesmoor word, hoewel die dinamiese syfers 'n ander storie vertel. Teen die prys is daar egter ander keuses, vernaam Tiida en Polo.

TS: Dit verskaf groot genot om elke dan en wan werklik deur 'n motor uitgeboul te word. Die Persona is só 'n motor – die rit is uitstekend gedemp, geraas word buite gehou, die stuur en ratkas is direk en gevoelvol en die kajuit se gehalte en ontwerp (behalwe vir die smaaklose bekleedsel en die sitposisie met weinig verstelling) is op segment-standaard. Tog moet enige Proton met omsigtigheid aangeskaf word – ons mark is tans nie bevorderlik vir grens-spelers soos hierdie nie.

Wat kan beter?

- **Groter syspieëls en sonskerms**
- **Die gehalte van die plastiek en die keuse van materiaal op die sitplekke en deure kan gerus hersien word.**

Toetse uitgevoer met

TOTAL

You know where to turn

gebruikersvriendelik wees.

Die bestuursposisie is duidelik vir kleiner Oosterlinge bedoel, aangesien die stuur baie laag sit, te naby aan jou bene en knieë. Soos ons ook onlangs met die Renault Logan (WIEL, Februarie 2009) gevind het, lei die kombinasie van die bestuursposisie en die lae paneelbord daartoe dat jy werklik afkyk op die bord, gevolglik sukkel dit soms met die hantering van die kontroles. As die sitplekke laer kon stel, sou dit 'n groot deel van die probleem opgelos het. Agter is daar sitplekgordels vir drie passasiers, maar twee volwassenes sal hierdie ruimte maklik vul, of drie kinders.

Die 1,6 liter-enjin ontwikkel soortgelyke drywing en draaimoment as die Persona se mededingers, hoewel 'n mens nie sommer die krag voel nie. Inteendeel, al weerspieël die verrigtingsyfers dit glad nie, voel dit soms of iets die enjin effens terug hou, al kan dit redelik vryelik opgewen word tot amper 7 200 r/min (met die rooilyn by 6 500 r/min).

Versnelling is aanvaarbaar en in lyn met meeste motors van hierdie enjinkapasiteit. Die versneltyd tot 100 km/h van 11,48 sek. is amper identies aan Proton se eie, amptelike syfer, maar ons toetsresultate het bo-verwagting goeie inrat-versnelsyfers voorgehou.

Klim op die rempedaal en dis ferm met goeie terugvoer. Algehele remtye is glad nie sleg nie, met 'n gemiddelde stilhoutyd vanaf 100 km/h van 2,94 sek. – aangehelp deur ABS met EBD.

Ratskakeling is direk en glad, bietjie strammer as wat jy van 'n soortgelyke Volkswagen sou verwag. Ons was net verbaas oor die los rathefboom wat 'n mens heeltemal in die rondte kon draai...

In algemene, daaglikse gebruik en op swak gelaste teerpaaie het die Persona hom goed van sy taak gekwyt. Die ritgehalte is sag, maar nie tot so 'n mate dat dit tot oormatige bakrol aanleiding gee of hantering lomp maak nie. Boonop is die motor aangenaam stil in die binneruim, met goeie klank-demping. Lotus, wat meehelp met die ontwikkeling van al Proton se onderstelle en veerstelsels, se invloed hier is dus aanvoelbaar.

TOETS-UITSLAE	Proton Persona 1,6			
	SNELHEID (km/h)			
*Maksimum	188 @ 5 412 r/min			
Toerelimiet	6 500 r/min			
Snelheidsmeter	60	80	100	120
Ware snelheid	60	80	100	120
	VERSNELLING (sekondes)			
0-40	2,72			
0-60	4,88			
0-80	7,63			
0-100	11,48			
0-120	16,37			
0-140	24,05			
1 km naellopie	33,09			
Eindsnelheid	155,9 km/h			
	VERBYSTEEK-VERSNELLING (sekondes)			
	3de	4de	5de	
40-60	3,95	5,98	9,27	
60-80	3,72	5,68	9,33	
80-100	3,92	5,66	9,63	
100-120	4,85	6,17	10,89	
120-140	-	7,42	13,03	
	VERBRUIK**			
Stad	9,9 ℓ/100km			
Hoofweg	4,7 ℓ/100km			
Gekombineerd	6,6 ℓ/100km			
Geskatte reikafstand	631 km			
CO_2-uitlating	154 g/km			
	REMTOETSE			
100-0(sek)	2,75/3,1 (beste/swakste)			
Gemiddeld van 10	2,94/goed			
	(Gemeet in sek. van 'n werklike snelheid tot stilstand met intervalle van 30 sekondes op 'n goeie teeroppervlak)			
	GERAASVLAKKE (dBA)			
Luier	46			
60 km/h	61			
120 km/h	72			
	VERRIGTINGSFAKTORE			
Drywing/massa (W/kg)	67			
Drywing/liter (kW/liter)	51			
Wringkrag/liter (Nm/liter)	93			
Vooroppervlak (m²)	2,48			
Sleurkoëffisiënt (Cd)	-			
Massa soos getoets (kg)	1 218			
Gewigsverspreiding v/a (%)	58,8/41,2			
	(Bereken volgens "massa soos getoets", bruto vooroppervlak, ratverhoudings en ISO kragleweringsyfers)			
	TOETSOMSTANDIGHEDE			
Hoogte	Seevlak			
Weer	Helder, warm, geen wind			
Odolesing	3 600 km			

13/20

Die meeste lede van die toetsspan was ietwat verras deur al die pluspunte van hierdie aantreklike sedan. Die kantspieëls is egter ongemaklik klein en soms moet jy weer en weer kyk om seker te maak van verkeer rondom jou, veral aan die bestuurderskant. Die sonskerms is byna nutteloos klein en spring gereeld terug.

Gevolgtrekking

Die Persona is gewis een van die beter motors wat Proton plaaslik bied. Belangriker aspekte soos veiligheid, ritgehalte en hantering is nie net van 'n aanvaarbare gehalte nie, maar in sommige aspekte kan dit selfs as goed beskryf word. Dis 'n motor wat veel meer aftrek verdien as wat hy geniet.

Mededinging in die C-segment van die mark is straf, en hoewel die Persona sy man of vrou hier kan staan, is daar beter keuses daarbuite – veral as afset-volumes, handelaars-voetspoor en diensgeriewe, én herverkoopwaardes, deel van die prentjie vorm. Nee, Proton is net te veel van 'n periferale speler om werklik ernstig opgeneem te word. ■